

Rekeningkunde

GRAAD 10

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 7 Mei 2025

Instruksies

NB! Lees asseblief die onderstaande instruksies sorgvuldig.

Indien die ANTWOORDBLAD nie volledig ingevul word nie sal die antwoordblad ongeldig wees.

1. NB! Gebruik asseblief n **HB potlood of n swart pen** om die antwoordblad te voltooi.
Geen gekleurde penne word aanvaar nie.
2. Die ANTWOORDBLAD bestaan uit 3 afdelings. Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ekonomie.
Kies en antwoord die korrekte vak.
3. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D) Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
4. Sterkte!



INHEEMSE BOEKHOUDING, ETIEK, AARP EN INTERNE BEHEER

1. 'n Klein tradisionele geneesheer se besigheid gebruik inheemse boekhouding om tred te hou van verkope, maar sukkel om wins korrek te bereken. Wat kan 'n potensiële nadeel van hierdie stelsel wees?
 - A Inheemse boekhouding maak besighede te afhanklik van tegnologie.
 - B Dit is moeilik om akkurate rekords te hou, wat lei tot moontlike finansiële wanbestuur.
 - C Inheemse boekhouding is te duur om te onderhou.
 - D Die stelsel is te kompleks vir klein besighede.
2. Watter metode sal die nuttigste wees as jy 'n informele besigheid adviseer oor hoe om hul inheemse boekhoudingstelsel te verbeter?
 - A Stel onmiddellik 'n rekenaargebaseerde rekeningkundige stelsel in.
 - B Hou op om inheemse boekhouding te gebruik en huur 'n professionele rekenmeester.
 - C Leer hulle hoe om 'n eenvoudige Grootboek te gebruik om transaksies aan te teken.
 - D Vertrou slegs op hul geheue vir alle finansiële rekords.
3. Wat veronderstel die lopende saakbeginsel in AARP?
 - A Die besigheid sal na 'n sekere tydperk sluit.
 - B Die besigheid sal funksioneer, tensy daar bewyse van die teendeel is.
 - C Die besigheid sal slegs bestaan as dit wins maak.
 - D Die besigheid moet bates, ekwiteit en laste hê.
4. 'n Besigheid het in 2010 grond en geboue vir R500 000 gekoop en die transaksie as sodanig in hul rekords aangeteken. Intussen het die markwaarde tot R550 000 gestyg. Grond en geboue word steeds as R500 000 op die finansiële state aangedui. Watter AARP-beginsel word toegepas?
 - A Omsigtigheid
 - B Lopende saakbeginsel
 - C Wesenlikheid
 - D Historiese koste
5. 'n Besigheid het besluit om 'n klein eenmalige geskenkuitgawe van R150 as 'n algemene uitgawe aan te teken in plaas daarvan om dit onder 'n spesifieke rekening te klassifiseer omdat die bedrag onbeduidend is. Watter AARP-beginsel word toegepas en hoekom?
 - A Omsigtigheid, omdat die maatskappy omsigtig is.
 - B Paringsbeginsel, omdat die uitgawe aangeteken word wanneer dit aangegaan word.
 - C Wesenlikheid, omdat die bedrag te klein is om besluite te beïnvloed.
 - D Besigheidsentiteit, omdat die besigheid sy uitgawes skei.

KONTANT- EN KREDIETTRANSAKSIES EN DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

6. Caroline wil haar eie fyngebak-winkel oopmaak. Sy het R120 000 gespaar. Sy kan 'n lening by 'n bank kry ter waarde van R80 000. Haar ouma is onlangs oorlede en sy weet dat sy R250 000 gaan erf. Sy is bereid om 80% van hierdie geld te gebruik om in haar droom te belê. Sy kan 'n winkel huur met die nodige toerusting teen R30 000. Watter een van die volgende sal die korrekte inskrywing in die Algemene Grootboek wees om haar KAPITAAL-bydrae te boekstaaf?

A

Bank	
400 000	
Kapitaal	
	400 000

B

Bank	
450 000	
Kapitaal	
	450 000

C

Bank	
400 000	
Toerusting	
30 000	
Kapitaal	
	480 000

D

Bank	
	400 000
Kapitaal	
400 000	

7. Wat is een voordeel daarvan om behoorlike rekords van kontanttransaksies te hou?

- A Die besigheid kan winste wegsteek.
 B Die besigheid kan kwitansies en betalings maklik opspoor.
 C Die besigheid kan vermy om verskaffers te betaal.
 D Die besigheid kan bankkoste verminder.

8. Wat verteenwoordig 'n duplikaat kwitansie in 'n besigheid?

- A 'n Leningsooreenkoms tussen die besigheid en die bank.
 B 'n Herinnering om uitgawes te betaal.
 C 'n Dokument wat gebruik word vir die betaling van salarisse.
 D 'n Bewys van betaling ontvang van 'n kliënt.

9. 'n Besigheid betaal R30 000 kontant aan 'n verskaffer vir goedere en ontvang 'n kredietfaktuur van R5 000 om hierdie goedere by die besigheidspersoneel afgelewer te kry. Watter uitwerking sal dit op die rekeningkundige vergelyking hê?

	Bates	=	Ekwiteit	+	Laste
A	+30 000 -30 000		-5 000		+5 000
B	+30 000 -30 000				+5 000 -5 000
C	+30 000 -30 000 +5 000				+5 000
D	+30 000 -30 000		+5 000 -5 000		

10. Handelsvoorraad word by 'n verskaffer teen R? per eenheid gekoop. Die faktuur wat deur die verskaffer uitgereik is, dui aan dat 15 000 eenhede aangekoop is en dat handelskorting van 15% toegestaan is. Al hierdie goedere is vir R195 000 verkoop. Die winspersentasie was 40% op kosprys. Bereken die OORSPRONKLIKE koopprys per eenheid.

- A R9.29
B R10.92
C R13.93
D R15.00

11. 'n Besigheid het namens 'n kliënt R3 500 aan 'n koerier betaal. Die kliënt betaal later R3 400 terug ter volle vereffening van sy rekening. Hoe moet dit in die KOJ aangeteken word?

	Bank	Verkope	Debiteure-kontrole	Korting toegestaan	Krediteure-kontrole	Diverse rekeninge
A	3 500		3 400	100		
B	3 400	3 400				
C	3 400		3 500	100		
D	3 400					3 400

12. 'n Besigheid voer goedere ter waarde van R120 000 in en betaal invoerbelasting van 15%. Vervoerkoste beloop R8 000. Wat is die totale koste van die invoer van die goedere?

- A R120 000
B R128 000
C R138 000
D R146 000

13. 'n Besigheid het 'n Valentynspromosie: "Koop 3, betaal vir 2". 'n Kliënt koop 6 items wat elk vir R299 verkoop word. Die winsopslag is 60% op kosprys. Bereken die bruto wins wat op hierdie transaksie gemaak is.
- A R75
B R187
C R298
D R1 196
14. Wat is die hoofdoel van korting ontvang?
- A Om die koopprys van goedere te verlaag.
B Om die bedrag wat aan krediteure betaalbaar is, te verhoog.
C Om besighede aan te moedig om hul krediteure voortydig te betaal.
D Om te verhoed dat die krediteur ten volle betaal word.
15. In watter joernaal sal korting ontvang, aangeteken word?
- A Kontantontvangstejoernaal
B Kontantbetalingsjoernaal
C Krediteurejoernaal
D Krediteure-afslagjoernaal
16. 'n Besigheid het goedere teen 'n kosprys van R250 000 by 'n verskaffer op krediet gekoop. Die verskaffer het 7,5% handelskorting toegestaan. Die verskaffer het 'n rekeningstaat uitgereik en 'n korting van 2,5% aangebied vir betaling binne 7 dae. As die besigheid betyds betaal, hoeveel sal hulle as korting ontvang boekstaaf?
- A R5 781,25
B R6 250.00
C R25 000.00
D R5 000.00
17. Watter effek sal rente wat op die agterstallige rekening van 'n krediteur gehef word op die rekeningkundige vergelyking hê?

	Bates	Ekwiteit	Laste
A		+	+
B		-	+
C	+	+	
D	-	-	

18. 'n Besigheid skuld R18 000 aan 'n verskaffer vir krediet aankope. Die kredietvoorwaardes bepaal dat die verskaffer na 30 dae 12% rente per jaar op agterstallige rekeninge hef. Die rekening is 31 dae agterstallig. Hoeveel rente word gehef?

- A $\left(R18\,000 \times \frac{12}{100} \times \frac{1}{12} \right)$
- B $\left(R18\,000 \times \frac{12}{100} \times \frac{2}{12} \right)$
- C $\left(R18\,000 \times \frac{12}{100} \times \frac{1}{12} \right) + \left(R18\,000 \times \frac{12}{100} \times \frac{1}{12} \right)$
- D $\left(R18\,000 \times \frac{12}{100} \times \frac{1}{12} \right) + \left(R18\,000 \times \frac{12}{100} \times \frac{2}{12} \right)$

19. Die eienaar het goedere met 'n verkoopprijs van R1 200 en 'n kosprijs van R800 in sy eie naam aan die plaaslike DBV geskenk. Wat sal die korrekte inskrywing in die Algemene Joernaal wees?

		R	R
A	Handelsvoorraad	1 200	
	Koste van verkope		1 200

B	Ottrekkings	800	
	Handelsvoorraad		800

C	Donasies	1 200	
	Koste van verkope		1 200

D	Donasies	800	
	Handelsvoorraad		800

20. 'n Skryfbehoefte winkel gebruik van die handelsvoorraad vir 'n interne uitstalling om verkope te bevorder en as voorbeelde gratis aan kliënte te gee. Die effek op die rekeningkundige vergelyking sal wees?

	Bates	Ekwiteit	Laste
A	- +		
B	-	+	
C	-	-	
D		- +	

21. 'n Sleuteldeposito wat twee jaar gelede betaal is, word deur die verhuurder terugbetaal aangesien die huurooreenkoms tot 'n einde gekom het. Wat sal die effek op die rekeningkundige vergelyking wees?

	Bates	Ekwiteit	Laste
A	+	+	
B	-	-	
C	+		
	-		
D	-	+	

22. 'n Besigheid wil die beheer van kleinkas verbeter. Wat is die beste finansiële strategie?

- A Gebruik slegs kontanttransaksies vir alle aankope.
- B Hou kleinkas toegesluit en vereis kleinkasbewyse vir alle uitgawes.
- C Laat werknemers toe om kleinkas vrylik te gebruik en betalings later aan te meld.
- D Hou op om kleinkasbetalings aan te teken om papierwerk te verminder.

23. 'n Besigheid bedryf 'n kleinkas van R2 000. Aan die einde van die maand wys die kleinkasjoernaal totale betaling van R1 450, maar slegs R400 is oor in die kleinkas. Hoeveel geld kort?

- A R150
- B R450
- C R1 850
- D R2 000

24. Hoe beïnvloed kleinkasaanvulling die besigheid se finansiële rekords?

- A Dit verhoog die banksaldo en verminder kleinkas.
- B Dit verminder die banksaldo en herstel kleinkas tot sy oorspronklike bedrag.
- C Dit verhoog inkomste en uitgawes.
- D Dit het geen effek op finansiële rekords nie.

25. Hoekom sal 'n besigheid korting wat van 'n krediteur ontvang is, moet kanselleer?

- A Om die totale verkoopsvolume vir die jaar te verhoog.
- B Die besigheid het betaal nadat die kortingstydperk geëindig het.
- C Omdat die krediteur die bepaling van die kredietooreenkoms oortree het.
- D Die besigheid het 'n ekstra betaling gemaak.

26. Hoe beïnvloed die kansellasië van korting ontvang die besigheid se rekeningkundige rekords?
- A Verhoog inkomste en verhoog banksaldo.
 - B Verminder uitgawes en verminder krediteure.
 - C Vermeerder uitgawes en verhoog krediteure.
 - D Dit het geen effek op die finansiële rekords nie.
27. Hoekom sou 'n besigheid krediteure-afslag van 'n verskaffer ontvang?
- A Dit verminder uitgawes en verhoog wins omdat die besigheid die krediteur betyds betaal het.
 - B Dit verminder laste en verminder die bedrag wat aan krediteure verskuldig is, omdat foutiewe goedere teruggestuur is.
 - C Dit verhoog inkomste en verhoog bates, omdat goedere teen 'n laer koste gekoop word.
 - D Dit het geen effek op finansiële rekords nie.
28. 'n Besigheid moes gedurende die afgelope finansiële jaar 'n groot bedrag oninbare skuld afskryf. Wat is die beste manier om dit in die toekoms te verminder?
- A Hou op om goedere op krediet te verkoop.
 - B Verhoog die krediettydperk vir alle klante.
 - C Laat klante toe om te betaal wanneer hulle kan.
 - D Implementeer strenger kredietkontroles voordat kredietverkope goedgekeur word.

PROEFBALANSE, VASTE DEPOSITO'S, LENINGS EN RENTEBEREKENINGE

29. Watter fout sal veroorsaak dat 'n proefbalans nie balanseer nie?
- A Die besigheid het huur betaal, maar dit is in die verkeerde uitgawerekening aangeteken.
 - B Verkope van R5 000 is as 'n debietinskrywing in die verkoperekening aangeteken.
 - C Die besigheid het voorraad op krediet gekoop, maar dit onder uitgawes aangeteken.
 - D Die bank het rente gehef wat nie aangeteken is nie.
30. 'n Besigheid leen R300 000 teen 'n rentekoers van 8,5% per jaar. Rente word aan die einde van elke 12 maande-termyn ten volle betaal. Die besigheid betaal R60 000 van die kapitale bedrag aan die einde van elke jaar terug. Bereken die totale rentebedrag wat aan die einde van die derde jaar betaal is.
- A R35 100
 - B R32 550
 - C R61 200
 - D R65 100